

# FEES VAN MARIA BESOEK

31 MEI



Vandag herdenk ons Maria se besoek aan Elisabet (Lukas 1:39-56). Soos met alle Maria-feeste gaan dié viering oor die verlossingswerk van Onse Here Jesus Christus. Maria en Elisabet is die twee sigbare figure in dié klein menslike drama, maar die Here Jesus en sy Voorloper, Johannes die Doper, is ook duidelik aanwesig. Johannes se blydskap is ook ons blydskap soos ons bewus raak van die Verlosser se aanwesigheid in ons lewens. In die begroeting van Elisabet vind ons die Kerk se vroegste verering van Maria, die Moeder van God. Elisabet loof God vir wat Hy in Maria se lewe bewerk het en sy prys Maria wat op God vertrou het. Dié fees is in 1263 deur St. Bonaventura onder die Franciskane ingestel en later het pous Urbanus VI dit na die res van die Kerk uitgebrei.